

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Slegs twee olifante vanjaar gestroop Geen afname in olifantstropery in Afrika

26 June 2020 | [Omgewing](#)



1.

000

Francoise Steynberg – Ondanks nuwe navorsing deur Elephants Without Borders (EWB) wat aandui olifantstropery in Afrika toon sedert 2011 geen afname nie, is slegs twee olifante tot dusver vanjaar in Namibië gestroop.

Volgens diewoordvoerdeervan die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, mnr. Romeo Muyunda, is slegs twee olifante sover in 2020 in onderskeidelik die Zambezi- en Kunenestreek gestroop.

Olifantstropery in Namibië het in 2016 nog hoogty gevier met 101 diere wat afgemaai is. Daarna het die verliese egter skerp begin afneem met 50 in 2017, 27 in 2018 en 13 verlede jaar.

“Olifantstropery in Namibië daal weens die reusestyging in inhegtenisnemings van vermeende wildmisdadigers, asook strenger vervolging,” het Muyunda gesê.

"Die sterk teenwoordigheid van die Namibiese polisie, Namibiese weermag en beampies van die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme is ook 'n groot afskrikmiddel."

Volgens die wildmisdaadverslag is 117 vermeende wildmisdadigers net vanaf Oktober tot Desember verlede jaar in hegtenis geneem.

Uit die 117 verdagtes is 25 vir olifantstropery of ivoormokkelary of pogings daartoe in dié drie maande vasgetrek.

NAVORSING

Die navorsing toon pogings om olifantstropery hok te slaan, is broodnodig om olifantbevolkings te red, veral in Wes-, Sentraal- en Suider-Afrika waar olifante vir hul ivoor afgemaai word.

Die EWB-studie wat Dinsdag in Scientific Reports in samewerking met navorsers by die Universiteit van Washington en die Amboseli Trust for Elephants gepubliseer is, toon die golf van olifantstropery het in 2005 oraloor Afrika begin.

Sommige onlangse studies meen stroperij het in 2011 hoogty gevier, maar sedertdien afgeneem.

In die nuwe studie is data van olifantstropery volgens die Monitoring the Illegal Killing of Elephants(MIKE)-program ontleed. Die data vir die studie is van 53 plekke in 28 Afrikalande ingevorder.

Die outeurs het bevind olifantstropery het die afgelope jare slegs in oostelike Afrika afgeneem.

"In westelike, sentrale en suidelike Afrika het stroperij sedert 2011 onveranderd gebly," lui die studie.

Die hoofouteur van die studie en ontleder vir EWB, dr. Scott Schlossberg, sê: "Verslae oor dalende stroperij in Afrika is ietwat van 'n illusie."

Hy sê streekgewys het olifantstropery slegs in oostelike Afrika gedaal.

"Op die res van die vasteland vier stroperij steeds hoogty en het min sedert 2011 verander."

Voortdurende stroperij in Sentraal- en Wes-Afrika is veral 'n groot bron van kommer.

Volgens die studie kom oorblywende olifante in westelike Afrika meestal in klein, verspreide bevolkings voor wat te klein is om nóg stroperij te weerstaan.

Sentraal-Afrika is die tuiste van die Afrika-woudolifant wat die afgelope jare erg verliese weens stroperij en verlore habitat gely het.

BOTSWANA

Volgens die navorsers is min inligting bekend oor tendense in stroperij onder olifante in Suider-Afrika, maar daar is kommer oor twee belangrike bevolkings in dié streek – noordelike Botswana en die Krugerwildtuin in Suid-Afrika.

"Noord-Botswana se groot olifantbevolking van sowat 130 000 is die afgelope twee jaar erg deur stropers geteiken."

Die regering van Botswana krap intussen steeds kop oor die oorsaak van die dood van meer as 170 olifante in die Okavango-delta. Die eerste karkas is begin vandeesmaand in die delta aangetref. Monsters van die karkasse is na 'n laboratorium in Suid-Afrika gestuur.

Stroperij word uitgeskakel omdat die olifante se tande nie verwyn kan word nie.

"Ons het reeds meer as 100 000 olifante sedert 2007 weens stroperij in Afrika verloor," sê die mede-outeur, mnr. Michael Chase van EWB.

"Stropers verslap nie hul pogings nie en dus moet Afrikalande hul stryd teen stroperij versterk."

Die MIKE-program word deur die Konvensie van die Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (Cites) bestuur en natuurbewaarders hou rekord van die olifantkarkasse wat gevind word.

– francoise@republikein.com.na